education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## MUSIEK

## NOVEMBER 2006

**NAAM:**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**NAAM:** 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A moet op hierdie vraestel met potlood beantwoord word.

3. AFDELING B, VRAAG 4, 5, 6.1 en 7 moet op hierdie vraestel beantwoord word.

4. AFDELING B, VRAAG 6.2, 8, 9, 10 en 11 moet in die ANTWOORDEBOEK met pen beantwoord word.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Kandidate mag 'n instrument gebruik om hierdie vraestel te voltooi.


7. Manuskrippapier sal vir rofwerk beskikbaar wees.

**NAAM:** ____________________

## AFDELING A

## VRAAG 1: TYDSOORTTEKEN, RITME EN GROEPERING

1.1 Voltooi die volgende mate deur die gevraagde note en rustekens by te voeg om by die gegewe tydsoortteken te pas:




(5)

1.2 Skryf die korrekte tydsoortteken in die spasie gemerk met 'n asterisk (*):



(5)

1.3 Voorsien die melodie van maatstrepe om die tydsoortteken te realiseer:



(5)
**[15]**

**NAAM:** 

**VRAAG 2: TOONLERE EN TOONSOORTTEKENS**

2.1 Identifiseer die volgende toonlere uit die lys hieronder deur die korrekte nommer in elke oop spasie in te vul:

2.1.1 Majeurtoonleer _______________

2.1.2 Pentatoniese toonleer _______________


2.1.3 Mineurtoonleer (meld melodies of harmonies) ____________ (3)




**NAAM:**

2.2 Skryf die volgende toonlere SONDER toonsoorttekens en dui die halftone deur middel van halftoonbogies aan:


2.2.1 Die pentatoniese toonleer beginnende op A, opgaande

2.2.1


2.2.2 Die majeurtoonleer wat op D begin, afgaande

2.2.2


2.2.3 Die melodiese OF harmoniese mineurtoonleer waarvan F-majeur die verwante majeur is, opgaande

2.2.3


(3 x 3) (9)

2.3 Herskryf die volgende melodie met die korrekte toonsoortteken:




(3)
**[15]**

**NAAM:** 

## VRAAG 3: INTERVALLE, AKKOORDE EN HARMONIE

3.1 Benoem die intervalle 1 - 5 in die voorbeeld hieronder volgens afstand en soort.




1 ______________________

2 ______________________

3 ______________________

4 ______________________


5 ______________________ (2½ + 2½) (5)

3.1 Skryf die volgende drieklanke in die bassleutel MET toonsoorttekens:


3.2.1 B<sup>b</sup>-majeur: die primêre drieklanke (3)

3.2.2 g-mineur: die sekondêre drieklanke (4)

3.2.1




3.2.2



**NAAM:** 

3.3 Identifiseer die toonsoort en kadens en besyfer die akkoorde in elk van die volgende voorbeelde:




1 ____________________

2 ____________________

3 ____________________ (3 x 4) (12)

3.4 Skryf die gegewe drieklanke (I, IV en V) in die plekke wat met 'n asterisk (*) aangedui word:





(6)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**NAAM:** ______________________

## AFDELING B

## VRAAG 4: STYLPERIODES

Sif deur die lys name van komponiste, werke, tydvakke en karakteristieke wat gegee word en pas dit by die gegewe stylperiodes. Let op dat daar meer voorbeelde verskaf is as wat nodig is om die vraag te beantwoord.

4.1 KOMPONISTE

Noem TWEE komponiste uit elke stylperiode in die regterkantse kolom:

Gershwin; Handel; Sontonga; Beethoven; Chopin; Stravinsky; Moerane; Mozart; Brahms; Vivaldi

ANTWOORDE:

| **STYLPERIODE** | **KOMPONIS** |
|---|---|
| Barok | 1. |
| | 2. |
| Klassiek | 1. |
| | 2. |
| Romanties | 1. |
| | 2. |
| Suid-Afrikaans | 1. |
| | 2. |

(8)

4.2 WERKE

Kies EEN van onderstaande werke vir elke periode:

Koorsimfonie; N'kosi Sikelele; Messias; Polonaise in A mol Op.53; Pulcinella; Rhapsody in Blue

ANTWOORDE:

| **STYLPERIODE** | **WERK** |
|---|---|
| Barok | |
| Klassiek | |
| Romanties | |
| Suid-Afrikaans | |

(4)

**NAAM:** 

4.3 TYDVAK

Pas EEN van die volgende tydvakke by elkeen van die onderstaande stylperiodes:

1500 - 1600; 1600 - 1750; 1750 - 1820; 1820 - 1900; 1900 - 2006

ANTWOORDE:

| **STYLPERIODE** | **TYDVAK** |
|---|---|
| Barok | |
| Klassiek | |
| Romanties | |
| Suid-Afrikaans | |

(4)

4.4 KENMERKE

Pas EEN van die kenmerke by elk van die onderstaande stylperiodes:

emosionele uitdrukking; streng vorm; atonaliteit; ululasie en handeklap; hoofsaaklik kontrapuntaal; gebruik van modale stelsels

ANTWOORDE:

| **STYLPERIODE** | **KENMERKE** |
|---|---|
| Barok | |
| Klassiek | |
| Romanties | |
| Suid-Afrikaans | |

(4)
**[20]**

**NAAM:**

**VRAAG 5: VORM**

In watter vorm is die volksliedjie *Ou Kraalliedjie*? Dui die STRUKTUUR aan deur van lettername op die korrekte plekke in die notevoorbeeld gebruik te maak.

**Vorm:** ______________________________




**[5]**

**NAAM:** ______________________

## VRAAG 6: KLASSIFIKASIE VAN INSTRUMENTE

6.1 Klassifiseer die lys van instrumente wat gegee word volgens hulle families in die onderstaande tabel:

| |
|---|
| LYS WAARUIT GEKIES KAN WORD:<br><br>tjello; klarinet; marimba; Franse horing; viool; tenoorstem; CD-speler; fluit; trompet; timpani; siter; klavier; blokfluit; tuba; tamboeryn |

ANTWOORDE:

| FAMILIES | INSTRUMENTE |
|---|---|
| Strykers | 1. ____________<br>2. ____________ |
| Koperblasers | 1. ____________<br>2. ____________ |
| Houtblasers | 1. ____________<br>2. ____________ |
| Perkussie | 1. ____________<br>2. ____________ |

(8)

Beantwoord die volgende vrae in die antwoordeboek:

6.2 Kies enige instrument uit die bostaande lys en gee 'n kort beskrywing van die volgende aspekte:

6.2.1 Klankproduksie

6.2.2 Konstruksie van die instrument

6.2.3 Kulturele gebruik van die instrument (6)

**[14]**

Kopiereg voorbehou 

**NAAM:** 

**VRAAG 7: POPULÊRE MUSIEK**

Identifiseer 'n tipe pop-musiek uit die gegewe lys wat die beste by die beskrywing sal pas. Skryf jou antwoorde in die rooster.

LYS:

soul; kwaito; disko; rap; hip-hop; motown; reggae; punk; pop; rock; metal; funk

1. Hierdie musiek toon totale minagting vir 'n positiewe samelewing en het ge-kulmineer in 'n subkultuur met eienaardige haarstyle en buitensporige 'body piercing'

2. Elvis Presley was 'n vroeë eksponent van hierdie tipe musiek wat oorspronklik saam met die woorde 'and roll' gebruik is

3. 'n Tipe ritmiese gedig wat ook die gebruik van 'scratching', break-dancing' en graffiti insluit

4. Hierdie musiek is op die Calypso-ritmes van die Wes-Indiese Eilande gebaseer

5. Ritmiese digkuns tesame met liggaamslagwerk

6. Afgelei van die Afrikaanse woord 'kwaai' en die musiek inkorporeer plaaslike tale, 'street slang' en dans

ANTWOORDE:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1. | P | | | | |
| | 2. | | O | | | | |
| 3. | | | P | | | | |
| | 4. | | E | | | | |
| | | 5. | R | | | | |
| 6. | | | A | | | | |

**[6]**

**NAAM:** 

Beantwoord ÓF VRAAG 8 ÓF VRAAG 9.

Vanaf VRAAG 8 moet AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

**VRAAG 8: VOKALE MUSIEK**

8.1 Definieer die term *opera*. Noem EEN voorbeeld van 'n opera wat jy ken. (5)

8.2 Noem enige TWEE voorbeelde van musiekblyspele wat jy bestudeer het. Gee die naam van die komponis van elkeen van die bogenoemde musiekblyspele en skryf kortliks die storie van EEN van hulle. (7)

8.3 Wat is *filmmusiek*? Verduidelik die belangrikheid van hierdie musiek. (4)

8.4 Gee die titels van TWEE koorwerke wat jy ken en noem ook hulle komponiste. (4)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 9: INSTRUMENTALE MUSIEK**

9.1 Definieer die term *simfonie*. Noem EEN voorbeeld van 'n simfonie wat jy ken. (5)

9.2 Gee VYF voorbeelde van instrumente wat in 'n pop-orkes gebruik word. (5)

9.3 Wat is 'n *karakterstuk*? Noem EEN voorbeeld asook die komponis. (4)

9.4 Noem TWEE tipes dansmusiek wat jy bestudeer het en gee 'n kort beskrywing van elkeen. (6)
**[20]**

**VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE MUSIEK**

Skryf aantekeninge oor enige van die Suid-Afrikaanse komponiste wat jy bestudeer het. Verwys na verteenwoordigende werke, styleienskappe en relevante biografiese besonderhede. **[10]**

**NAAM:** 

**VRAAG 11: MUSIEKBEDRYF**

Jou klas beplan om óf 'n musiekblyspel óf 'n kooruitvoering aan te bied. Wat moet jy alles doen om enige regsaksie te vermy? **[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

---

**Let op dat hierdie afdeling tesame met die gehoor- en praktiese eksamens afgelê moet word; dit is dus nie deel van die geskrewe eksamen nie.**

'n Opname of lewendige musiek (onvoorbereid) sal vir die klas gespeel word. Kandidate moet die volgende aspekte bepaal deur dit neer te skryf:

1. Genre
2. Instrument(e)
3. Ritme
4. Tempo
5. Dinamiek
6. Stemming/Karakter

   * Gee redes vir jou keuse
   * Waaraan laat die musiek jou dink?
   * Vertel dit 'n storie?
   * Jy mag 'n prentjie teken om jou storie beter te illustreer. **[10]**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou